VAKATURE: LERAAR – NG BETHLEHEM-PANORAMA

Die kerkraad van die NG Gemeente Bethlehem-Panorama, wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van Bedienaar van die Woord

GEMEENTEPROFIEL:

- Die gemeente in Bethlehem is ‘n behoudende plattelandse gemeente, geleë in die Oos-Vrystaat.
- Lidmaattal: ± 608 lidmate (110 doop en 498 belydend).
- 24 wyke (19 Dorps- en 3 Plaaswyke).
- Besoekpunte ± 265.

KANDIDAAT:

Die kerkraad sal alle aansoeke oorweeg. Van die kandidaat sal verwag word om die gemeente te bedien in alle fasette van die gemeentewerk soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.

Die volgende vereistes is van besondere belang vir die kerkraad:

- ‘n Sterk Gereformeerde teologiese uitkyk met ‘n besondere klem op die suiwerheid van die leer soos verwoord in die kerk se belydenisskrifte.
- ‘n Passie vir die bediening van die Woord in alle fasette van die gemeentewerk.
- Entoesiasme vir die opbou van die gemeente deur persoonlike kontak met lidmate, pastoraat en huisbesoek.

VERGOEDING:

- Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die Sinodale skaal, ander voordele en riglyne as basis.
- Die gemeente beskik oor ‘n ruim pastorie met ‘n goedversorgde tuin wat op die kerkterrein geleë is.

AANSOEKE:

- Alle aansoeke moet vergesel word van ‘n volledige CV, twee onlangse getuigskrifte, sowel as die name van minstens vier referente.
- **SLUITINGSDATUM** vir aansoeke: **20 OKTOBER 2017**
- Kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n onderhoud indien daartoe versoek.
- Die kerkraad hou die reg voor om geen aanstelling te maak uit die aansoeke ontvang.

STUUR AANSOEKE AAN:

Die Voorsitter
Pre-Advies Kommissie
Posbus 643
Bethlehem
9700

Tel: 058 303 4593
E-pos: ngkpanorama@telkomsa.net
Navrae: 072 401 7536